higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4

(4090584)

15 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Kandidate sal tekeninstrumente benodig.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE FABRIEKSORGANISASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A:	100 punte
AFDELING B:	200 punte
GROOTTOTAAL:	300 punte

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 … koop materiale in grootmaat direk vanaf plaaslike vervaardigers en verdeel dit in kleiner hoeveelhede vir vrystelling.

A Groothandelaars
B Invoerders
C Vervaardigers
D Kleinhandelaars

1.2 … is die persentasie vog in die lug.

A Ventilering
B Humiditeit
C Vog
D Lugtemperatuur

1.3 Stoele, tafels en werksoppervlaktes moet …

A van staal gemaak wees.
B van hout gemaak wees.
C stewig wees.
D stewig, skoon en in 'n goeie toestand wees.

1.4 'n Rondelem-snymasjien sny met 'n … beweging van die lem.

A vertikale
B draaiende
C op- en afwaartse
D horisontale

1.5 Die algemeenste hanteringsprobleem wat voorkom wanneer goedere by hul bestemming arriveer, word … genoem.

A opbotteling
B vervoer
C verkeer
D beweging

Kopiereg voorbehou

1.6 Hierdie metode word gebruik met tolletjiebreistowwe soos in die vervaardiging van T- en onderhemde:

A Oop ('on the open')
B Voorkant bo ('face up')
C Agterkant bo ('back up')
D Op die vou

1.7 … is NIE EEN van die kriteria vir 'n goeie fabrieksuitleg NIE.

A Maksimum aanpasbaarheid
B Maksimum gebruik van volume
C Minimum aanpasbaarheid
D Minimum afstand

1.8 In klerefabrieke word werkers per … werk betaal.

A uurlikse
B kommissie
C stuk
D weeklikse

1.9 Werks… is 'n uiteensetting van die werksinstruksies.

A beskrywing
B spesifikasie
C aanstelling
D keuse

1.10 … is die proses wat deur 'n firma onderneem word om sekere vaardighede, konsepte en gesindhede van die werknemers te ontwikkel.


A Opleiding
B Onderhoude
C Toetsing
D Werwing

(10 × 2) **[20]**


VRAAG 2

Identifiseer die volgende sketse en simbole. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.


2.1




2.2




2.3




2.4




2.5




2.6



2.7




2.8



2.9



2.10







(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1		A	eenheid van bevrediging
		B	Mooi Rivier-tekstiele
		C	bindnaat ('bound seam')
3.2		D	word by die firma gedoen
		E	wees stiptelik
3.3		F	word bo-op geplaas
		G	kant afgewerk
		H	word nie by die firma gedoen nie
3.4		I	oorslagnaat
3.5		J	ornamentele stikwerk
3.6	Vervaardiger	K	neem self alle besluite
3.7	Onderhoude		
3.8	Indiensopleiding		
3.9	Outokratiese leier		
3.10	Individu		

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Hierdie spreidingstegniek word gebruik vir tolletjiebreistowwe

4.2 Dit word in die produksiekamer gedoen deur 'n lyn of stel masjiniste

4.3 Met hierdie uitleg word die masjinerie volgens hul funksie gegroepeer

Kopiereg voorbehou

4.4 In hierdie proses leer die werknemer nuwe tegnieke en masjinerie om met tegnologiese vooruitgang by te hou

4.5 Dit kan maklik begin waar afval soos olielappe, papier of bondels materiaal ophoop

4.6 Dit is die wetlike en morele verantwoordelikheid van die firma

4.7 'n Sekere standaard of werksverrigting volgens 'n vaste skaal

4.8 Volgens hierdie uitlegkriteria, moet alle verskuiwing van materiale en goedere onder konstruksie nodig en direk wees

4.9 Die vervoer van die produk met die kortste moontlike roete in die kortste tyd


4.10 Die berekening van die aantal operateurs wat nodig is om dieselfde operasie uit te voer

(10 × 2) **[20]**


VRAAG 5

Identifiseer die volgende sketse en simbole. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.


5.1



5.2




5.3




5.4




5.5




5.6



5.7




5.8



5.9



5.10



(10 × 2) **[20]**

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 Higiëne in die werksplek is van die uiterste belang.

Bespreek hierdie stelling. (4 × 2) (8)

6.2 Die bestuurder is die persoon in beheer van 'n groep werkers wat aan hom of haar toegewys is.

Vergelyk die doeltreffendheid van die werknemer-gesentreerde bestuurder in teenstelling met die produksie-gesentreerde bestuurder. (5)

6.3 Noem die DRIE verskillende vlakke van bestuur. (3)

6.4 Werknemers kry sekere voordele om hulle te motiveer.

Volgens watter beginsels moet hierdie voordele wees? (5 × 2) (10)

6.5 Verduidelik hoe 'n hoër produktiwiteitsvlak in die klerefabriek verkry kan word. (5)

6.6 Behalwe vir die diktatoriale leier, is daar drie ander soorte leiers.

Noem en bespreek hierdie soorte leiers. (3 × 3) (9)

6.7 Gee 'n kort definisie vir *kommunikasie*. (3)

6.8 Noem VIER voordele daarvan om opgeleide personeel te hê. (4)

6.9 Definieer kortliks die term *stikwerk*. (3)

[50]

VRAAG 7

7.1 Daar kan kommunikasiehindernisse tussen die werkgewer en werknemer wees.

Noem VYF faktore wat tot hierdie hindernisse kan bydra. (5)

7.2 Noem die breedtes en gebruike van 'n gewone soom. (4)

7.3 Aan watter gehaltestandaarde moet die volgende voldoen:

7.3.1 Nate (6)

7.3.2 Some (4)

7.3.3 Vasmaakmiddels (3)

7.4 Noem die kriteria vir snytafels in die snykamer van 'n fabriek. (5 × 2) (10)

7.5 Gee wenke om in gedagte te hou as die volgende soorte materiaal uitgelê word voordat dit gesny word:

7.5.1 Eenrigtingontwerpe

7.5.2 Fluweel

7.5.3 Leer

7.5.4 Strepe

(4 × 3) (12)

7.6 Noem DRIE maniere om inligting in 'n fabriek oor te dra en gee EEN voorbeeld van elk. (3 × 2) (6)

[50]

VRAAG 8

8.1 Hoe kan elke werknemer tot veiligheid bydra in sy of haar omgewing? (4 × 2) (8)

8.2 Hoe moet jy die volgende beserings en ongelukke hanteer?

8.2.1 Snye (3)

8.2.2 Brandwonde (2)

8.2.3 Vreemde voorwerpe in die oë (1)

8.2.4 Vreemde voorwerpe in die vel (2)

Kopiereg voorbehou

8.3 Jy is as veiligheidsbeampte in die fabriek aangestel.

Watter DRIE voorwerpe sal jy in die noodhulpkassie hou om klein snyplekke mee te behandel? (3)

8.4 Die primêre funksie van 'n voorraadkoper is om die regte artikels in die regte hoeveelheid en teen die regte prys te kry.

Noem SES ander funksies wat 'n voorraadkoper moet beoefen. (6)

8.5 In 'n klerefabriek moet gestoorde voorraad beskerm word.

Gee VYF voorbeelde van dinge waarteen dit beskerm moet word. (5)

8.6 Nate word in vier groepe geklassifiseer en deur TWEE hoofletters aangedui. Waarvoor staan die volgende klassifikasies?

8.6.1 SS

8.6.2 LS

8.6.3 BS

8.6.4 FS

(4 × 1) (4)

8.7 Noem VYF soorte toerusting wat gebruik word om patrone te teken, merk en op te hang. (5)

8.8 Bespreek die gebruik van die volgende toerusting in 'n klerefabriek:

8.8.1 Spreimasjien (uitlêmasjien) (3)

8.8.2 Sierstrookstikmasjien ('Sew barring machine') (4)

8.8.3 Patroonperforeerder (4)

[50]

VRAAG 9

9.1 Daar kan kommunikasie-onderbrekings tussen die sender en ontvanger wees. Noem die faktore wat hierdie onderbrekings kan veroorsaak. (5)

9.2 Noem TWEE gebruike vir elk van die volgende soorte nate:

9.2.1 Oop enkelgestikte naat

9.2.2 Toe enkelgestikte naat

9.2.3 Ingeslote naat ('enclosed seam')

9.2.4 Dubbelgestikte naat

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

9.3 Dui aan hoe toetse in 'n laboratorium uitgevoer word ten opsigte van die volgende:

9.3.1 Kleurvastheid volgens die wrywingsmetode

9.3.2 Weerstand teen sonlig

9.3.3 Hitteweerstand

(3 × 3) (9)

9.4 Tabuleer knoopsgate onder die volgende opskrifte:

9.4.1 Soort (2 × 2) (4)


9.4.2 Voorkoms (4)

9.4.3 Gebruik (4)


9.5 Noem VYF vereistes vir 'n merker. (5 × 2) (10)

9.6 Identifiseer die volgende kontroles wat gebruik word om inligting oor te dra en hoe om met die masjiene te werk:

9.6.1



9.6.2



9.6.3



(3 x 2) (6)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 200
GROOTTOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou